

Titel: Growing up or growing old?
Pastoor: Jan-Cor Brink
Datum: 31 Oktober 2010
Tyd: 09h30



Matt 18:1-3

¹In daardie uur het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele? ² Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan ³ en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!

Fill 2:1-3

¹ As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, ² maak dan my blydschap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. ³ Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Jak 4:6

Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.







FRONT VIEW

COMBAT BOX

TOP VIEW



SIDE VIEW



2 Kor 12:19

En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.

Jak 4:10

Verneeder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

Hand 3:12

En toe Petrus dit sien, sê hy vir die volk: Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop?

Jer 17:5-6

⁵ So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk. ⁶ En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land...

2 Kron 26:15-16

¹⁵ Ook het hy in Jerusalem oorlogswerktuie gemaak, 'n uitvinding van 'n kunstenaar, wat op die torings en op die hoeke moes staan om met pyle en groot klippe te skiet; en sy roem is verbrei, want hy is wonderbaarlik gehelp totdat hy sterk geword het. ¹⁶ Maar toe hy sterk geword het, was sy hart hoogmoedig, sodat hy baie verkeerd gedoen en ontrou gehandel het teen die HERE sy God; want hy het in die tempel van die HERE gegaan om offerrook te laat opgaan op die reukaltaar.

Psalm 63:1-8

'n Psalm van Dawid, toe hy in die woestyn van Juda was. ² o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water. ³ Só sal ek U in die heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerlikheid te sien. ⁴ Want U goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys. ⁵ Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef. ⁶ Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe ⁷ as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor U peins. ⁸ Want U was 'n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel. ⁹ My siel is aan U verkleef; u regterhand ondersteun my.

Ex 14:13-15

¹³ Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. ¹⁴ Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees. ¹⁵ Toe vra die HERE vir Moses: Wat roep jy na My? Sê aan die kinders van Israel dat hulle moet wegtrek.

Jes 40:28-31

²⁸ Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie. ²⁹ Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. ³⁰ Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; ³¹ maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.